DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XI. Dinsdag, 26 Junie 1956. NR. 7.

# MASSA BESLUIT op Reorganisasie van die Studentelewe

## Veranderinge in Inlywingsaksie en Studenteliggame.

Veranderinge wat in die toekoms verreikende gevolge sal hê op die studentelewe aan die P.U. vir C.H.O., is op die massavergadering van 4 Junie aanvaar. Verslae van die kommissies wat ondersoek instel na die inlywing, en die reorganisasie van die studentelewe aan die P.U., is ingedien en die aanbevelings is aanvaar.

Mnr. W. F. Steenkamp het namens die kommissie van ondersoek na die inlywing, verslag gelewer. Kenmerkend van die verslag was dat geen ingrypende veranderinge in die huidige stelsel van inlywing aanbeveel is nie. Die opvoedkundige sy van die inlywingsaksie is egter meer beklemtoon, terwyl positiewe stappe voorgestel is ten einde misbruike ten opsigte van eerstejaars te voorkom en 'n strenger kontrole oor hulle te handhaaf. Vir die groter doeltreffendheid van die aksie, is 'n aantal splinternuwe voorstelle ingedien onder andere dat die koshuishoofde in adviserende hoedanigheid sitting kan hê op die Studenteraad ten opsigte van sake rakende die eerstejaars; dat geleentheid ook vir eerstejaars geskep moet word om mekaar beter te leer ken en dat daar geen tweede ontgroening sal wees nie.

**REORGANISASIE:**

Mnr. Tjaart van der Walt, Voorsitter van die S.R. het hierna aan die woord gekom met die verslag van die kommissie in sake reorganisasie van die studentelewe aan die P.U.

Mnr. van der Walt het verduidelik dat onder reorganisasie van die studentelewe sekondêre veranderinge verstaan word. Die kommissie het gevoel dat die grondstruktuur van die studentelewe behou moet word, want die stelsel is nog kerngesond, is prinsipieel suiwer en prakties uitvoerbaar. Om aan te pas by die veranderinge wat in die loop van die laaste twintig jaar in die studentegemeenskap plaasgevind het en die geweldige uitbreidings wat die inrigting as geheel ondergaan het, is die kommissie van mening dat 'n reorganisasie wenslik is.

Die hoof-oorsaak van die ondoeltreffendheid tans is die oneweredige verspreiding van verantwoordelikheid en pligte in die studentelewe. Veral die Studenteraad en sy dagbestuur is oorlaai met werk. Die oplossing lê in die desentralisasie van verantwoordelikheid en in spesialisasie van elke persoon in 'n spesifieke rigting.

Die voor die hand liggende metode om desentralisasie in die hand te werk, is deur aan die hoofliggame onder die Studenteraad groter magte toe te ken. „Op die oomblik doen A.B.K.K. en S.S.B. beslis onnodige skakelwerk," het Mnr. van der Walt verklaar. Aan hulle behoort die mag verleen te word om selfs besluite te neem rakende hul besondere aangeleenthede en die besluite wat van algemene belang is, moet vergesel van 'n behoorlike verslag daaromtrent, vir goedkeuring aan die Studenteraad voorgelê word.

(Vervolg op bladsy 7.)

## Professor Stoker KWARTEEU in die tuig

Die feit dat Professor doktor H. G. Stoker vir vyf-en-twintig jaar lank hoogleraar aan die P.U. vir C.H.O. is is herdenk by geleentheid van die vergadering van die Wysgerige Vereniging gehou op 18 Junie.

Professor Stoker het as erespreker opgetree met 'n referaat oor die weerlegging van die Eksistensiefilosofie vanuit 'n Calvinistiese oogpunt, waarna Professor Doktor C. K. Oberholzer die gelukwensinge van die U.P. aan hom oorgebring het. Mnr. Theo van der Merwe het namens die studente 'n woord van gelukwensing gespreek. Ten slotte het die Rektor namens die P.U. vir C.H.O. as geheel, Professor Stoker gelukgewens.

Met waardering is deur al die persone melding gemaak van die dienste deur Professor Stoker op talle gebiede gelewer.



J. D. van der Vyver (Voors. Thalia)

## Thalia en Alabama GAAN TOER

Die inwoners van Suid-Wes, Wes-Transvaal en Noord-Kaapland gaan gedurende die wintervakansie weer groot gate in die geldsakke opdoen wanneer Thalia en Alabama deur die streke toer.

**THALIA** gaan weer na Suid-Wes en hoop om daar ongeveer 16 opvoerings te hou. Die toergeselskap wat uit 22 persone bestaan, sal op 26 Julie weer op Potchefstroom terug wees. Die geselskap sal gedurende die toer onder andere aan die Etoshapanne 'n besoek bring en hoop om darem 'n goeie indruk van S.W.A. te kry. Twee stukke, „Gebed in Clarendon", 'n sterk dramatiese stuk deur Dirk Richard en „Liefde en Spelfoute", 'n blyspel deur Marivaux (deur dr. T. T. Cloete uit die oorspronklike Frans vertaal), sal aangebied word. Met die kern van ou staatmakers soos Johan van der Vyver en Alwyn du Plessis wat pragtig aangevul is deur 'n aantal nuwe spelers, beloof die opvoerings om uiters geslaagd te wees.

**ALABAMA** bring 'n besoek aan **Wes-Transvaal en Noord-Kaapland.** Die toergeselskap, wat per bus sal reis, sal uit 25 persone bestaan. Gedurende die toer, wat op 19 Julie ten einde loop, word 18 opvoerings beoog. Die tradisie van Alabama om vermaak van hoë gehalte te verskaf, sal vanjaar beslis nie oneer aangedoen word nie. Veral 'n aantal besonder klugtige en oorspronklike items behoort baie in die smaak van die gehoor te val.

## J. HEIDEMA

Vir

FIETSE,

TIKMASJIENE

en

MOTORFIETSE

## J. HEIDEMA

(teenoor Geref. Kerk.)
Kerkstraat 30,
POTCHEFSTROOM.

---

Drink **S & S** en Geniet

DIE BESTE

**SUPER ORANGE**
**TING-A-LING**
**PEP-A-DILLA**
**TOP HAT**

SHERR & SHAKINOVSKY
POTCH. MINERAL WATER FACTORY

Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

---



# „Kry 'n Kommando!"

**Rook Kwaliteit teen Suid-Afrika se Gewildste Prys**

NET 1/2 VIR 20
FILTER, KURK OF SONDER KURK

Omdat Kommando dag vir dag by die miljoene verkoop, rook u geurvarse* topkwaliteit-tabak teen Suid-Afrika se gewildste prys. Daarom is Kommando ook die sigaret *waarom Suid-Afrika die meeste vra.* Gee Kommando 'n kans—en oordeel self!

** Uit fabrieke in al vier die provinsies, kom Kommando-sigarette kwaliteitvars by die tabakwinkel . . . geurvars en genotvol by u!*

**DIS DIE KWALITEIT WAT KOMMANDO VERKOOP!**

G1/441-2A

---

## Ed. L. OOMS, (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)

- **OOGKUNDIGE.**
- **Brilspesialiteit.**

U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.

Kerkstraat 129 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 980

EIE OPTIESE SLYPERY.

Depot: CARLZEIS-JENA.

---

## MOOIRIVIER-APTEEK

Kerkstraat 155,

POTCHEFSTROOM

Telefoon 380.

**Die Apteek vir Diens!!**

---

## JAY'S GARAGE

(K. NOBEL, Eienaar)

Lombardstraat 5, Foon 175,
POTCHEFSTROOM

Voorraadhouers en Handelaars in

- MASSEY-HARRIS TREKKERS
- PLAASGEREEDSKAP,
- PLANTERS en STROPERS,
- S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

---

## INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

- **Wynsoorte**

en

- **Spiritualieë**

---

## CORNER FRUIT STORE

vir al u

- VRUGTE, LEKKERS,
- SIGARETTE,
- KOELDRANKE en
- VERVERSINGS.

VRUGTE en GROENTE.

Bekend vanweë sy

UITSTEKENDE DIENS!!

---

## DAMES!!

Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT
teen baie redelike pryse.
OOK ALLE TOILETWARE.

**CACHET MODES (EDMS.) BPK.**

TOMSTRAAT 56A — FOON 1389

POTCHEFSTROOM

---

## MALAN MEUBILEERDERS

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.

•

**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**

*Die Wapad*

Dinsdag, 26 Junie 1956.

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**

# *Het ons 'n Mylpaal Bereik?*

Langs die weg van die geskiedenis staan daar baie mylpale wat die afstand aandui. Daaraan kan 'n mens die afstand meet wat alreeds agter die rug is.

Tensy jy weet waarheen jy gaan en wat die nominale afstand van jou reis is, kan jy egter nie die afstand wat voorlê ook daaraan meet nie.

Ons **Universiteit**, ons **studentelewe** het ook sy weg van geskiedenis waarlangs hy somtyds spoed en somtyds kruip. Die geskiedenis van ons studentelewe het ook sy mylpale waaraan ons, ons afstande kan meet.

Die vraag is nou, staan ons nou hier aan die einde van Junie 1956 by 'n mylpaal in die geskiedenis van ons studentelewe? 'n Skamele vyf jaar gelede het ons inrigting (en seker daarmee saam ons studentelewe ook) sy mondigheid bereik.

Ons wat saam met ons inrigting sy mondigheidlewe binnegetree het, het die mylpale een na die ander sien verbyflits. Met een na die ander studenteraad se ampstermyn het ons gesien hoe ons studentelewe groei. Diegene wat later gekom het, het gesien wat reeds tot stand gebring is, en hoe ander dinge tot stand gebring word.

'n Ywerige jong studenteraad het hulle ampstermyn binnegegaan. Veel het hulle tot stand gebring: 'n Lyseum-viering met 'n simposium, 'n reorganisasie van die studente-organisasie, maar lesbes 'n kafeteria en ander kompleks van geboue wat ons studentelewe tot heil kan strek en 'n groot las van 'n skuld wat die skof van 'n nageslag kan skaaf.

Ons het die hoogtepunt van hierdie ampsterrein bereik, maar nog nie die mylpaal nie. Die Studenteraad is bereid om die kwartmyl van die mylpaal wat nog voorlê teen 'n vinnige tempo te loop: 'n Hofkonsert word georganiseer, kollektelyste word uitgedeel, en niks word ontsien om die las vir die nageslag ligter te maak nie. As hierdie ampstermyn verby gespoed het, sal ons by die mylpaal staan van hierdie tydperk.

Dit is egter nie net ons studenteraad wat hy hierdie mylpaal wil aankom nie — ons studentemassa **moet** ook daar aankom. Daarom is dit ons massa se plig om hulle ywer en inisiatief te toon en kollektelyste mee neem en 'n sukses, ja, 'n reuse sukses daarvan te maak. Laat ons voortspoed in hierdie laaste ronde van die myl!

As ons dan by hierdie mylpaal aangekom het, hoever is dit dan nog na ons bestemming toe? Ons weet nie, want ons weet nie wat die afstand na ons bestemming is nie. Dit weet ons egter dat ons tenvolle bewus is wat ons bestemming is: Die volheid van die tyd wanneer die Seun van die Mens kom op die wolke! Dit is tog die punt waarin die hele **wêreldgeskiedenis kulmineer!** Dit is ons bestemming! Dit is ons roeping om mee te arbei: Ook in hierdie klein dingetjies wat ons doen! Soli Deo Gloria!

H. J. v. d. W.

REDAKSIE

F. W. de Klerk (Hoofred.), J. C. Coetzee (Onder-hoofred.), P. J. S. de Klerk, D. C. Coetsee en mej. M. Stoker (Nuus), mej. H. E. Dekker (Kuns), J C. Coetzee en mej. E. C. L. Seyffert (Sport), H. J. van der Walt, P. J. de Bruyn en mej. J. Erasmus (Varia), P. Brandt (Aflos) en C. Harrington (Fotograaf), mej. H. Rautenbach (Kuns).

ADMINISTRASIE

J. C. Hendriks (Sakebestuurder), A. G. E. Yssel (Advertensie-bestuurder) B. v.d. Walt, P. J. Riekert, H. Steyn, J. Hoogenboezem, C. J. Steenkamp, A. Pyper, J. le Roux, F. Roux, mejj. K. Pretorius, M. v.d. Merwe en A. Opperman.

## Oordenking

# LEWENSKANS EN LEWENSKEUSE

**Rigters 13:5: „Want die seun sal van die moederskoot af 'n nasireër van God wees . . . . "**

**Rigters 16:17: „En hy het sy hele hart aan haar bekend gemaak . . . . "**

Lewenskant en lewenskeuse . . . Wat 'n ryke betekenis lê in hierdie twee woorde opgesluit!

'n Lewenskans! Terstond ontvou 'n vêrlokkende perspektief die omvangrykheid van die lewe hom voor ons oë! Ons snel daarop of.

Maar . . . elke stap, elke daad, elke woord, elke blik selfs, is 'n **keuse.** Gaan ons in die keuse verdrink en gaan ons onder ons keuse verpletter raak?

In ons teksverse gaan dit om Simson, die man met 'n groot lewenskans en lewenskeuse. Daar word van hom gesê: „Die seun sal van die moederskoot 'n nasireër van God wees." 'n Ryke belofte vir 'n lewenskans van God! Maar tragies verder: „En hy het sy hele hart aan haar (d.i. Delila) bekend gemaak." Dit was sy lewenskeuse: Weg van God!

In sy hare het hy die teken gedra dat sy liggaam, sy gees, sy krag en sy lewe nie van homself is nie, maar van God. So was hy die man van die groot lewenskrag van sy wieg af! Maar dit waartoe hy bestem was het hy verknoei in sy keuse. Met sy nasireërskap het hy 'n roekelose spel gespeel. Sy nasireërskroon het hy in die skoot van 'n ligsinnige vrou verloor . . . Delila!

By die wieg word elke mens deur God bevoorreg met 'n lewenskans. Dit is die talente wat elkeen ontvang . . . en waarvoor elkeen moet rekenskap gee. God eis van elkeen om sy lewe so te lei, volgens die kans wat hy het so te kies, sy werk en studie so te doen, dat dit 'n welriekende offer voor sy aangesig sal wees! Anders . . . is ons met ons werk, ons studie en ons lewens soos 'n wegwerplike kleed voor Sy Majesteit.

Lewenskans is 'n direkte oproep tot 'n lewenskeuse. Simson het sy lewenskans verfoei en weggegooi in sy keuse by Delila. Deur haar het hy sy lewensbestemming verkwansel.

Ons is mense deur God geroep in die diepste van ons wese: Ons hart en gewete. Ons mag en **moet kies.** Gaan die eer van God altyd voorop in ons keuse: Die uitbreiding van **Sy Koninkryk?** Of gaan dit maar voortdurend om **Onsself?**

Ons **mag nie** onverantwoordelik staan teenoor en in ons keuse nie. Ons mag nie ons lewe soos 'n voetbal deur ons luste, drifte en emosies laat rondrol nie! Ons lewenskanse hang nie aan 'n rat van AVONTUUR, wat deur die noodlot en toeval gedraai word nie! Nee, dit is kanse en talente wat God aan ons gee. Dit is u keuse waartoe God ons roep. Ons moet woeker met ons talente en in ons hart die roepstem van God opmerk.

As studente gemeenskap en as individue is ons nog bewaar. Elkeen het nog sy gesondheid, sy roeping, sy taak sy verantwoordelikheid, sy jeug en sy **LEWENSKANS. Laat u lewenskans dan deur u keuse wees TOT EER VAN GOD, tot uitbreiding van Sy Koninkryk en tot stigting van u naaste!**

P. du Plessis.

**Groenpunt-Kafee**
**Von Wiellighstraat,**
vir
**Vars, Smaaklike**
**VRUGTE en GROENTE.**

**JOE'S MOTORS**
25 Kerkstraat Foon 923
HANDELAARS IN ONDERDELE
KOOP EN VERKOOP TWEEDEHANDSE MOTORS
ONS WAARBORG ALLE HERSTELWERK.

**DIE BULT SKAATSBAAN**
**„PUKKE, ondersteun ons vir AANGENAME ONTSPANNING!"**
Oop vanaf 7.30 in die aand

**DAVY ROBERTSON KUNSSENTRUM**
**Vir die Mooiste**
**PORTRETTE en RAME**
**SANLAM-GEBOU**

**Central News Agency Ltd.**

Ons Voorsien in alle Universiteitsboeke, skryfbehoeftes, Plaaslike en Oorseese Tydskrifte en Koerante.

Kerkstraat 89, Telefoon 114,
POTCHEFSTROOM

KOM SIEN ONS—
vir al u
- Fotografiese
en
- Aptekersbenodigdhede.

**GEEN & VELLEMAN**
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

**EXCELSIOR MEUBELS**
Kerkstraat 132 — Potchefstroom — Telefoon 743

„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"
Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.

ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.

**S.A.N.L.A.M.**
Word verteenwoordig deur
MNR. VENTER,
Noordbrugweg 3 — Telefoon 1247,
POTCHEFSTROOM
Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

MNR. J. S. DU PLESSIS,
U VERTEENWOORDIGER VAN
**REMBRANDT**
Meyerstraat 9 — Telefoon 897
POTCHEFSTROOM.

BESOEK—
**HARRY JEDEIKIN**
VIR
BOUMATERIAAL TIMMERHOUT en YSTERWARE.
TEVREDENHEID GEWAARBORG
Foon 639 115 Kerkstraat

**FLEURETTE BLOEMISTE**
Kerkstraat 91,
POTCHEFSTROOM.
SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE.

Bus 206 Tel. 164 & 1167
H/v. Wolmarans- en Van Riebeeckstraat
**CENTRAL CASH STORE**
POTCHEFSTROOM
Vir Vars Vrugte,
Groente,
Kruideniersware,
Damesuitrustings,
Kombuisgereedskap.
ONS IS DIE BILLIKSTE IN DIE DORP.

**J. TOD SUTTIE.**
Komplete
**Mansuitrusters**
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
Kerkstraat 127 — Telefoon 1,
POTCHEFSTROOM

**BLITZ!...**
DROOGSKOONMAKERS
Stuur u klere na ons . . . ons sal weet wat om daarmee te doen!

**SONSKYN KAFEE**
TOMSTRAAT,
POTCHEFSTROOM
VIR U —
SIGARETTE,
LEKKERS,
KOELDRANKE,
EN ANDER VERVERSING
ASOOK
SNOOKER.
UITSTEKENDE DIENS.

**Studente . . . !!**
Vir al u
- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
Kerkstraat 90 — Telefoon 497

★

**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**
vir alle
SPORTUITRUSTING en SPORTBENODIGDHEDE.

★

**UNIE BAKKERYE**
Posbus 244 — Foon 167 en 1086.
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.
TROUE-, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.
Kerkstraat 38, Potchefstroom.
Spoorwegstraat, Klerksdorp

**LOOCK Kleremakers**
Calderbanksgebou,
Kerkstraat 102 — Telefoon 855
POTCHEFSTROOM.

**DIE ARCADIA HAARKAPPERS**
VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.
„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons Leuse.
Bedieners van Dames sowel as Mans.

# Van Studenteraadswee

Ons het weer gekom aan die einde van 'n ander kwartaal en ook die eerste semester van hierdie jaar. Ons wil die hoop uitspreek dat 'n ieder en 'n elk kan terugkyk op 'n vrugbare half-jaar van werksaamhede. Ons wil u ook hartlik bedank vir u hartlike samewerking en ondersteuning tot dusver. Mag die laaste skof nog aangenamer wees.

### GELUKWENSINGE.

Aan Lang Stoney, Nokkels, en Stryn de Lange wat ingesluit is in die toerspan van Wes-Transvaal na Rhodesië en saam met Rooi Bekker en Cecil Harrington ook ingesluit is in die Noordelike Universiteitspan, baie geluk. Ons hou jul met belangstelling verder dop, kêrels. 'n Spesiale woord van gelukwensing aan Stoney wat die Noordelike Universiteitspan ook in die veld sal lei. Dit is vir ons Alma Mater 'n eer Stoney.

Geluk ook Piet van Wyk en Horst Wiese met jul insluiting in die Wes-Transvaalspan. Wys die mense dat mens op 'n Saterdag beter hokkie speel as op Sondag.

Ons weet julle sal te alle tye die naam van ons Alma Mater ook op die sportvelde hoog te hou.

Terwyl ons hier is moet daar ongelukkig 'n onaangename sakie aangeroer word. Dit is die vreemde verskynsel van uitjouery van die skeidsregters tydens die wedstryd teen Wits. Dit was 'n pragtige wedstryd wat deur hierdie daad bederf is. Dit het miskien gebeur in 'n oomblik van opwinding, maar ons wil op die persone wat skuldig is 'n dringende beroep doen om so iets in die toekoms maar oor te laat aan die lokasie-bewoners by 'n sportwedstryd. Laat dit nie weer gebeur nie Pukke!

### DIE S.R. TREK.

Die Studenteraad het intussen verhuis na die nuwe kantore in die Kafeteria-gebou. Dit was met gemengde gevoelens wat ons moes afskeid neem van die laaste sink-skakel met die verlede, ons geliefde ou sinkgeboukantoortjie, maar dis ook weer 'n voorreg om die eerste bewoners van die nuwe kantore te wees. Mag ook hierdie kantore meewerk tot hartliker en intiemer samewerking tussen Studenteraad en Studentemassa.

Volgende kwartaal met die intrap betrek ons die Kafeteria en die ander kantore om sodoende 'n nuwe era in ons studentelewe te begin.

### KOLLEKTEVELDTOG.

Hierdie geboue het ons ook belas met 'n skuld van plus minus £7000 en ons wil nog vanjaar 'n groot deel afbetaal. Ons vra weereens u hartlike samewerking in die groot kollekteveldtog wat ons in dier voege van stapel stuur. As u elkeen 'n kollektelys neem en u bes doen, moet ons 'n sukses daarvan maak. Dit is in ons almal se beswil, Pukke.


### REORGANISASIE VAN DIE STUDENTELEWE.

Danksy u hartlike samewerking kon die Studenteraad die reorganisasie van ons studentelewe ook afhandel. Ons wil die hoop uitspreek dat die verbeterings in ons stelsel rype vrugte mag afwerp in ons studentelewe.

### TOERE.

Aan Thalia en Alabama wat hierdie vakansie weer gaan toer, wil ons 'n warme handdruk van sterkte gee. Mag hierdie diens en opoffering teenoor julle Alma Mater 'n plesier vir julle wees en mag die sukses finansieel groot wees, en mag die ondervinding lank onthou word. Ons weet ook dat julle te alle tye die naam van die P.U. vir C.H.O. hoog sal hou. Geniet die toer Thalia en Alabama. En voor ons elkeen sy eie koers inslaan vir die vakansie, wil ons almal 'n heerlike en baie aangename vakanie toewens. Tot ons mekaar weer sien, sterkte Pukke.

W. F. Steenkamp.



# VAN DIE REDAKSIE

Postmahuis,
P.U. vir C.H.O.
22 Junie 1956.

Geagte Pukke,

Met 'n groot sug van verligting begin ons een na die ander die boeke toemaak. Ons is almal moeg — behalwe 'n lang studiekwartaal is daar ook op sosiale gebied 'n ongekende aktiwiteit beleef in die afgelope ses maande. Aan u almal dus — geniet hierdie welverdiende vakansie. Mag u volgende kwartaal terugkeer, vol moed en ywer vir die werk wat voorlê.

'n Spesiale woord van gelukwensing aan alle sportmanne en -vroue (daar is te veel om op te noem) wat ingesluit is in die Noordelike Universiteitespan, asook Wes-Transvaalse spanne op verskillende gebiede.

Verder ook ons gelukwense aan ons voetbalspanne wat Wits en P.O.K. so netjies die loef afgesteek het.

Aan Thalia en Alabama wil ons 'n woord van sterkte toevoeg in hul beplande toere — mag dit goed gaan.

Groetend,

F. W. de Klerk. (Hoofred.)

# Hofkonsert gaan toer.

Die voorgestelde reisprogram vir die toer van die hofkonsertgeselskap is as volg:

17 Augustus — Johannesburg (Linden.)

18 Augustus — Krugersdorp.

24 Augustus — Ventersdorp.

25 Augustus — Klerksdorp.

31 Augustus — Lichtenburg.

3 September — Sannieshof.

# Kafetaria nader voltooing

Die aanbouings langs die Studentesaal waaronder ook die ruim nuwe kafeteria, sal hopelik gedurende die Julie-vakansie voltooi word en behoort by die aanvang van die tweede semester gereed te wees. Hierdie gegewens het aan die lig gekom uit 'n onderhoud met mnr. Tjaart van der Walt, voorsitter van die Studenteraad.

Op die 4e Augustus sal die hele gebou offisiëel in gebruik geneem word, het mnr. van der Walt verklaar. Watter vorm dit sal aanneem kan nog nie met sekerheid gesê word nie, maar dit sal later bekendgemaak word.

Die meubels van die Studenteraadskantoor en van die komitee-kantore sal gedurende die Julie-vakansie elders gemaak word. Die rede hiervoor is dat die Tegniese departement van die P.U. die Studenteraad in kennis gestel het dat hulle die meubels nie sal kan vervaardig nie aangesien die werkswinkels te besig is met die Chemie-laboratorium en die administratiewe kantore. Gevolglik is prysopgawes van ander besighede gevra en sal die meubels deur hulle voorsien word. Dit behoort reeds voor 31 Julie te arriveer.

Verder is die meubels van die kafeteria bestel en is baie van die toerusting alreeds hier. Die res sal gedurende die vakansie afgelewer word. 'n Groot deel van hierdie toerusting is by die S.A.V.F.-koffiehuis gekoop en dit sluit alle winskopies in.

Die goeie samewerking met die Tegniese departement in verband met die aanbouings is veral deur mnr. van der Walt op prys gestel. Hy het hier die name genoem van prof. D. J. van Rooy, mnr. Ammi van der Walt en mnr. Bosman.

**WESTVAAL**
**Studente !!!**
**VIR KWALITEIT DROOGSKOONMAAK STUUR NA**
**WESTVAAL**

**J. P. van der WALT APTEEK**
**Kerkstraat 111 — Potchefstroom.**
**„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"**
**Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.**

# Op die S.R.-Tafel

30 Mei — 25 Junie.

2 VERGADERINGS

- R.I.C. Komissie.
- Komissieverslag i.s. inlywing van Eerstejaars.
- Alabama en Thalia toere.
- Reorganisasie van Studentelewe.
- Massavergadering.

# Die A.S.B. en sy Buitelandse verhoudinge.

Op Dinsdagaand 5 Junie het mnr. Salmon van Tonder organiserende sekretaris van die uniale A.S.B., die plaaslike tak in die Totius Gedenksaal toegespreek. Die onderwerp waaroor hy gepraat het, was „Die A.S.B. gesien teen sy geskiedkundige agtergrond en met klem op sy buitelandse verhoudings."

Mnr. van Tonder het begin deur kortliks die geskiedenis van die A.S.B. te skets. Die mylpale in hierdie geskiedenis was die stigting van Werda-komitees in 1909—1910, die stigting van die eerste Studentebond in 1916—1917 in Pretoria en Stellenbosch, die ontstaan van N.U.S.A.S. in 1924, wat enkele jare gelede van die kommunisties-georiënteerde I.U.S. weggebreek het, die stigting van die Afrikaanse Nasionale Studentebond (A.N.S.) in 1933, en ten slotte die stigting van die huidige A.S.B. in 1948 te Bloemfontein.

Voorts het mnr. van Tonder daartoe oorgegaan om aan te toon hoe dit daar op internasionale terrein 'n kreet geuiter is om nasionale en kultuurgeskille uit te wis. Internasionale bande is gesmee weens die wekroep tot eenheid, bv. die Volkebond en die V.V.O. Ook die kultuur moes verander word en so kom UNESCO tot stand kom.

Spreker het daarop gewys dat die klem, ook in ons land, nou op die regte en gelykheid van alle mense begin val het en dat die Afrikaanse volk die prooi geword het van die Modernisme. In die midde van hierdie stryd staan nou die huidige A.S.B.. Tog is die A.S.B., wat op internasionale terrein alleen teenoor N.U.S.A.S. staan, trots op sy nasionale identiteit.

Dit, het mnr. van Tonder verklaar, is die agtergrond waarteen ons die roeping en plig van die A.S.B. op internasionale terrein moet sien. Die A.S.B. met sy Christelik-nasionale gevoel moet as teenmiddel dien teen die magtige houvas van N.U.S.A.S. met sy liberalisme, want hiervoor is die A.S.B. die aangewese organisasie. Spreker het ook aangetoon dat N.U.S.A.S. valslik met gesag praat dat hy die Afrikaanse studente verteenwoordig. Die standpunt van N.U.S.A.S. is hier dat die Afrikaanse volk hom nie meer kan isoleer van die buiteland nie en dat dit ons dwing om tot die internasionale staat toe te tree.

Spreker het voorts verwys na die eerste oorsese toer van die A.S.B. in Wes-Europa wat verrassende sukses behaal het, terwyl N.U.S.A.S. nie te goed gevaar het nie. Dit is dan ook nou noodsaaklik dat die A.S.B. op 'n internasionale organisasie sitting sal kry. Enkele jare gelede het sekere Wes-Europese organisasies van die I.U.S. af weggebreek en die I.S.C. gestig. Baie steun en invloed is verkry.

N.U.S.A.S. wat met 'n aanklag teen die A.S.B. by die I.S.C. gekom het, se aansoek is toegestaan en 'n kommissie van Ondersoek van die I.S.C. is reeds op besoek in die Unie en het reeds Potchefstroom ook besoek. Hoewel die A.S.B. so 'n kommissie nie kon steun nie, kan sy werksaamhede nie verhinder word nie. Die A.S.B. moet egter ook teen die I.S.C. 'n suiwer stem laat hoor, want alhoewel hierdie organisasie goeie bedoelings het, het die liberalisme dit ook al ingeneem.

Ten slotte het mnr. van Tonder verklaar dat die A.S.B. as enigste teenvoeter vir N.U.S.A.S. nie in sy doel sal kan slaag nie, en daarom is die bestaan van nog 'n Nie-blanke Studentebond beslis noodsaaklik, want op hierdie basis alleen kan ons doeltreffend werk. Dit is reeds op die afgelope Bondskongres bespreek.

## Algemene Nuus

Prof. J. Snyman neem waar as dekaan van die fakulteit Opvoedkunde tydens die verlof van Prof. Bingle. Die Rektor, Prof. J. C. Coetzee, neem ook 'n aantal van Prof. Bingle se klasse waar.

Dr. P. J. van der Walt gaan vir ses maande met verlof, om navorsing in verband met misdaadstatestiek in Engeland en Europa te doen. Hy sal die Raad vir Sosiale Navorsing by 'n internasionale Konferensie, oor menslike verhouding, in Nijmegen, Nederland, verteenwoordig. Die Konferensie vind plaas van 3 tot 5 September en daar sal 40 lande verteenwoordig word. Ook sal Dr. van der Walt die A.C.B. by 'n Internasionale Calvinistiese Konferensie in Parys, verteenwoordig.

Mnr. J. J. du Plessis, lektor in Ekonomiese Wetenskappe, vertrek 6 Oktober na Nederland vir verdere studie in Ekonomie.

# BRIEWEBUS

## Oud-student toon belangstelling.

Posbus 134,
Pretoria,
28/5/56.

„Die Wapad',
P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.

Geagte Redaksie,

Nog steeds 'n gereelde leser van u blad (of liewer **ons blad**), wil ek graag in die eerste plek my gelukwense aan u oordra vir die hoë standaard wat u nog deurgaans gehandhaaf het. Die Wapad het in die jongste jare van krag tot krag gegaan en veral vanjaar het dit 'n baie hoë peil bereik en ek verklaar met seldsame vrymoedigheid dat hulle wat na u kom min of selfs geen ruimte sal hê vir verbetering nie.

Vertoefende in die land van „arraratio" oftewel waar elke ou Tukkie sy glasie volmaak, voel ek my min of meer soos 'n Filistyn op 'n driewiel in Jerusalem. U sal dus begryp dat die gereelde toesending van die Wapad die omgewing vir my baie meer uithoubaar maak.

Ek het die korrespondensie oor die inlywing van eerstejaars met groot belangstelling gelees en ek is jammer dat kwessie reeds gesluit is vir verdere bespreking, anders sou ek graag ook vir juffrou Roux wou help om uit die doolhof te kom waarin sy verdwaal geraak het. Ek sê egter nogtans in die verband — hou die opvoedelinge onder die duim en lei hulle maar steeds op sodat hulle nie nodig sal hê om te begin „sash" (ek vermoed dit sal groen lappe wees) om van hulle skoolkomplekse en — neuroses ontslae te raak nie.

En dan ten laaste — ek merk dat ons op kameraad en strydmaker, Sottie, 'n opvolger gekry het. Ek is jammer dat ek nie kan sê 'n „waardige" opvolger nie. Die spore wat Sottie getrap het is veels te diep vir enigiemand om vol te staan en die leemte wat hy nagelaat het kan niemand vul nie. Ek wonder dus of sy geagte vriendin maar nie liewer vir tant Fya op die plaas wil gaan help nie. As sy 'n vrye tydjie op die plaas het kan sy natuurlik nog skryf: Hier is juis 'n blad in die noorde nl. die „Hommelby" wat graag haar briewe sal opneem.

Sterkte en goeie wense
Hoogagtend die uwe,
Johann Buys.

## Slegs 30 studente by Kerkhofskoffel.

Molenstraat 6,
Potchefstroom,
19 Junie 1956.

Die Hoofredakteur,
„Die Wapad",

Geagte Heer,

Ons is almal Afrikaners — of ons sê ten minste so. Ons beroem ons op 'n stoere voorgeslag wat besiel was met Christelike beginsels en die draers was van 'n patriotisme wat hul gedwing het om hul goed en lewe op te offer vir hul land en hul vryheid.

Maar dit lyk my mos of daardie gevoelens slegs nog in geskiedenisboeke bestaan. Hoe sou u dit anders kon verklaar dat alleen sowat 30 studente Saterdag aan die Kerkhofskoffel deelgeneem het?

Ons beroem ons daarop dat ons aan 'n Christelik-nasionale inrigting studeer; dat hierdie inrigting die kweekplek is van ware Afrikaners. Wanneer egter iets meer energie-vergend as slegs 'n beroeming van onsself, van ons volk en ons inrigting vereis word, loop ons ons vas teen 'n see van verskonings en 'n muur van skouerophalings.

Sommige persone moes toetse skryf, andere moes vir toetse leer en nog 'n paar het waarskynlik iets anders meer noodsaaklik gehad om te doen. Maar waar was die ander lede van die A.S.B. dan? Het ons dan geen waardering meer vir die vroue en kinders van ons volk wat die hoogste offers op die altaar van hul geliefde Republieke gebring het nie? 'n Paar uur van een Saterdagoggend van die jaar om slegs deur die gras van hul grafte af te skoffel, hulde te bring aan 'n voorgeslag wat met hul lewens betaal het vir die verdediging van ons volksbestaan, is tog nie te veel gevra nie.

Ek hoop dat hierdie betreurenswaardige swak opkoms van ons studente iets van die verlede is en dat in die toekoms groot getalle sal opdaag om hierdie aangename taak en plig te vervul.

Ek dank u vir plasing.
Die uwe,
D. C. Coetzee.

**OOSTHUIZEN**
**Kole-agentskap.**
**Kerkstraat 70 — Telefoon 312**
**POTCHEFSTROOM.**

**I. GLASER**
H/v 137 Kerkstraat en Autolaan
**OMEGA en TISSOT HORLOSIES**
JUWELIER



# Brokkies uit die Kunswêreld



# BOONZAIER se tentoonstelling wek belangstelling

**Op 'n tentoonstelling wat van 1 tot 6 Junie in die kunslokaal gehou is, het ons die voorreg gehad om 'n paar werke van die bekende Suid-Afrikaanse skilder, Gregoire Boonzaier, te sien.**

Gregoire Boonzaier, gebore in 1909, is die seun van die bekende spotprenttekenaar Boonzaier, en hy word ook bewonderaar van sy vader se geliefde skilder, Pieter Wenning. In sy vroeëre kuns is hy dan sterk onder invloed van hierdie bekende Afrikaanse landskapskilder. Na 'n besoek in die buiteland is daar ook Spaanse invloed in sy kuns te sien. Wanneer hy uiteindelik in 1936 na Suid-Afrika terugkeer, is dit duidelik dat hy nou 'n nuwe ontwikkeling volg wat meer getrou is aan sy eie persoonlikheid.

Boonzaier se vernaamste leerskool was seker die kennis wat hy geput het uit groot meesters se werke, het prof. Dekker Vrydagmiddag by die offisiële opening gesê. Hy dra ook nie stempel van enige bepaalde skool nie, hoewel sy werke oor die algemeen 'n impressionistiese trek vertoon.

Dit is n' kenmerkende trek van hom dat hy sy onderwerpe sien as 'n lappieswerk van kleurvlekke. Om hierdie effek te verkry in sy oliewerke, wend hy die verf „vet" aan. Daar was verder ook nog waterverf-, pastel- en linoleumsneewerke van hom uitgestal.

As illustrasie van sy vernuf om met 'n paar lyne die ganse atmosfeer van 'n toneel te skep, dien „Straat met lamppale", toneel van 'n straatjie in stormagtige Kaapse weer. Boonzaier neem sy gegewens uit die alledaagse en herskep dit tot iets skoons. Daarom vind ons by hom heelwat toneeltjies van lokasies, agterstraatjies en agterplasies. Hy slaag daarin om in hierdie toneeltjies kleurkontrasteringe of die atmosfeer te ontdek en om dit op die doek weer te gee. Besonder kensketsend is dit dat hy in die weergawe van sy impressie nie na werklikheid streef nie. Daarom vind ons in van sy agterstaattoneeltjies wat in die gees van die impressionisme staan, skewe of oorhangende huisies, wat atmosfeerskeppend is.

'n Merkwaardige skildery is seker sy „Suid-oostewind". Dit is 'n toneel van hoekige, skewe huise wat die indruk van windverwaaidheid weergee. Hierdie skildery toon 'n sterk mate van invloed van die Kubisme. 'n Ander skildery wat die aandag trek is „Dansende heuwels naby Fouriesburg". Hoewel dit dadelik herinner aan Maggie Loubscher, is dit tog baie meer geslaagd as die soortgelyke „Herfslandskap naby Fouriesburg". Albei hierdie werke is egter nie in sy kenmerkende styl nie, en is moontlik meer 'n eksperiment.

Meer as 300 persone het die tentoonstelling bygewoon, en mnr. Boonzaier het ook vir verskeie belangstellende groepe lesing gegee oor sy kuns. Ongeveer twaalf skilderye is verkoop. Mnr. Boonzaier het ook aan die Universiteit die pragtige skildery, „Withuis, Slamse buurt", geskenk. Verder het die Universiteit 'n lokasietoneeltjie, „Lokasie en kar", gekoop.

## „Bell, Book and Candle"

Donderdagaand in die Stadsaal is daar baie gelag oor die stryd wat 'n aanvallige meisie moes voer om die man van haar hart te wen. Omdat in die liefde, soos in die oorlog, alle middele geoorloof is, het sy selfs nie geskroom om van toormiddele gebruik te maak nie. — En die effek was gelukkig die gewenste.

John Hussey en Magaret Inglis het in die hoofrolle van „Bell, Book and Candle" soos gewoonlik min opening vir kritiek gelaat. Die mees populêre speler in die stuk was darem seker die mooi Siamese kat!

# Thalia hou geslaagde programaand

Met twee eenakters, „A Pound on Demand" en „Dienie Speel Toneel," het „THALIA" gesorg vir 'n uurtjie van aangename vermaak tydens die programvergadering gehou op Maandagaand, 11 Junie.

### GESLAAGDE VERTOLKINGS.

In eersgenoemde stuk het Johan van der Vyver en Louis Aucamp geslaagde vertolkings gelewer van twee moeilike rolle. Die groot verdienste van hierdie eenakter sit waarskynlik daarin dat, ten spyte daarvan dat byna geen ontwikkeling in die tema plaasvind nie, die gehoor tog altyd geboei word.

„Dienie Speel Toneel" het n' beter geleentheid vir karakteruitbeelding en -ontwikkeling gebied — 'n moontlikheid wat deur al die spelers ten beste benut is. Marie Botha, as Dienie Wassenaar, die neurotiese dogter wat leef in 'n droomwêreld van 'n vermeende kunstenares, het 'n skitterende vertolking gelewer. Piet Steynberg, in die rol van Tom Wassenaar, haar vader, wat reken dat 'n bietjie studentelewe en „spyker" sy dogter die wêreld se goed sal doen, het duidelik op sy gemak en met besondere oortuiging sy rol vertolk. Gerard Wiggill as die onpraktiese en hulpelose Van Dolen en Madelein Huyser, die klein „sucker"-etende dogtertjie, het telkens die gehoor laat skater.

### REGIE UITSTEKEND.

Met waardering is deur verskeie persone gewag gemaak van die afgerondheid van die spel. Dit is grootliks te danke aan die verrassend bekwame wyse waarop Mevrou Lampen („A Pound on Demand") en Alwyn du Plessis („Dienie Speel Toneel") die regie van die stukke waargeneem het.

VIR . . . . .
VIS, ERTAPPELS, VERVERSINGS, ens.
Von Wiellighstraat 13, POTCHEFSTROOM.
WELKOM KAFEE

Phone 369 Foon 369
POTCHEFSTROOM
For/Vir
"SUNFROZE"
Roomys — Ice Cream

# Reorganisasie.

(Vervolg van bladsy een.)

Aangesien die werksaamhede van die Studenteraad van 'n algemene aard is, moet op die onderliggame persone dien met 'n besondere aanleg in 'n spesifieke rigting, maar die Studenteraadslede behoort persone van meer algemene bekwaamheid te wees. Alleen die lede van die Dagbestuur van die S.R. moet spesialiste wees: ten opsigte van Studenteraadsaangeleenthede. Ook het die kommissie aanbeveel dat die hoofdame sitting moet hê op die SR. en haar spesialiteit sal wees sake rakende die dames.

### KONSTITUSIONELE VERANDERINGS.

Ten einde hierdie aanbevelings tot praktiese uitvoering te bring, sal sekere veranderings noodsaaklik wees. Die voorgestelde veranderings behels in die eerste plek die hersiening van die magte, pligte en samestelling van die onderliggame van die S.R. en gevolglike hersiening van die Konstitusie van die betrokke liggame. Rakende die S.R. het die Kommissie aanbeveel dat die Dagbestuur (bestaande uit die Voorsitter, die Onder-voorsitter, die Sekretaris, die Onder-sekretaris en die Penningmeester) deur die massa verkies sal word uit tweetalle deur die Studenteraadskieskollege (bestaande uit drie verteenwoordigers vir elke hoofliggaam) aan die massa voorgelê. Die res van die S.R. sal deur die hoofliggame van die S.R. gekies word. Elke hoofliggaam sal nou net twee persone na die S.R. stuur. Die persone sal nie noodwendig die Voorsitters wees nie, nie noodwendig 'n dame nie en gladnie een van die lede van die Dagbestuur van die S.R. nie.

### KORPS EN A.S.B.

Om die doeltreffende fungering van Korps en A.S.B. te verseker, moet die besture na elf persone vergroot word. Vier addisionele manslede sal elk in 'n spesifieke rigting (byvoorbeeld studies, publikasies, ens.) werk en onder hul weer ander groepies sodat 'n maksimum aantal lede van die Vereniging geaktiveer word. Daar word aanbeveel dat aan die A.B.K.K. en S.S.B. groter magte en verantwoordelikhede toegeken word asook dat 'n uitbreiding van hul werksaamhede en onderliggame onderneem word.

PRESIDENT CAFE
FOR:
• SWEETS,
• GRILLS
and
• COOLDRINKS

# A. B. K. K.

# Kuns- en Kultuurfees

Die A.B.K.K. gaan vanjaar vanaf 27 Augustus tot 1 September 'n groot Kuns- en Kultuurfees hou. Die doel van hierdie fees is om die eintlike doel van die A.B.K.K. nl. „om kuns en kultuur aan die P.U. vir C.H.O. te bevorder", tot sy volle reg te laat kom. Verder ook nog om studente met aanleg vir een of ander kunsvorm, die geleentheid te bied om hulle talente tot ontplooiing te bring.

A.B.K.K. KUNS EN KULTUUR

Die fees sal onder andere die volgende kuns- en kultuurvorme behels: **Beeldende kunste, letterkunde en komposisies, musiek en sang, toneel en voordrag, debat, skaak, volkspele, volksang en volksdanse.**

**BEELDENDE KUNSTE EN LETTERKUNDE EN KOMPOSISIES.**

Persone wat in hierdie afdelings belangstel word vriendelik dog dringend versoek om soveel as moontlik inskrywings in te sluit, voor of op 6 Augustus 1956.

Om u nie langer meer in die duister te laat rondtas nie sal ons hieronder vir u verduidelik wat ons onder hierdie afdelings insluit en wat die voorwaardes is waaraan u werk moet voldoen.

**1. A. Beeldende kunste sluit in:—**

(a) Tekeninge of skilderye met kleurmedium (d.i. verf en waterverf skilderye, gekleurde potlood, pastel en gekleurde ink.)
(b) Tekeninge van wit en swart (potlood, ink).
(c) Enige beeldende kuns (Beeldhouwerk, tapeserie, ens.)

**ALGEMENE REËLS VIR DEELNAME.**

(1) Skilderye moet geraam wees.
(2) Tekeninge moet gemonteer wees.
(3) Naam van insender moet nie voor op die inskrywing verskyn nie.
(4) Naam en adres van insender moet agter op die inskrywing vermeld word, asook die afdeling waaronder ingeskryf word.
(5) Pastel tekeninge moet gefikseer wees.
(6) Alle inskrywings moet bona fide en oorspronklike werk van die insender wees.
(7) Daar word geen perk gestel aan die hoeveelheid inskrywings per persoon nie.

**B. FOTOGRAFIE:**

**A. Swart en wit Foto's**

(i) Portretstudies.
(ii) Fotos van Landskappe.
(iii) Aksiefotos.
(iv) Stillewes.

**Algemene Reëls vir deelname.**

(a) Die fotos moet geneem, ontwikkel en afgedruk wees deur die persoon wat dit inskryf.
(b) Die minimum grootte word bepaal as 6x8 en die foto's moet gemonteer wees volgens 'n erkende metode.
(c) Waar wenslik kan „titels" by die fotos aangegee word.

**B. KLEURFOTOS.**

(a) In hierdie afdeling word 'n kleurafdruk verlang en poskaartgrootte sal voldoende wees.
(b) Die foto's moet slegs deur die persoon wat dit inskryf geneem wees, maar hoef nie deur hom self ontwikkel en afgedruk te word nie.

**2. LETTERKUNDE en KOMPOSISIES.**

**A. Letterkunde:**

(a) Sketse en Essays.
(b) Kortverhale.
(c) Poësie.

**B. Komposisies:**

Komposisies van enige aard sal in aanmerking geneem word. Nadat inskrywings ontvang is sal hulle in klasse opgedeel word en daarvolgens beoordeel word.

**Algemene reëls vir deelname (Letterkunde en Komposisies).**

(a) Enige oorspronklike werk, hetsy gepubliseer of nie, sal in aanmerking geneem word. Elke inskrywing moet vergesel word van 'n skriftelike verklaring dat die die deelnemer se oorspronklike werk is. Die verklaring moet onderteken wees en moet nie aan die inskrywing geheg wees nie.
(b) Alle inskrywings word onder 'n skuilnaam ingehandig. Die deelnemer se eie naam en skuilnaam word apart in 'n verseëlde koevert ingehandig.

**Algemene bepalings:**

(a) Alle deelnemers aan hierdie afdelings moet bona fide studente van die P.U. vir C.H.O. of die Konserwatorium van Musiek wees.
(b) Vir elke afdeling sal 'n outoritiet op die gebied as beoordelaar aangewys word en die beslissings van die beoordelaars sal finaal wees.
(c) Alle inskrywings sal weer aan deelnemers terug besorg word.
(d) Alle inskrywings moet voor of op 6 Augustus by die voorsitter of sekretaresse van die A.B.K.K. ingehandig word.
(e) Daar sal nie van offisiële inskrywingsvorms gebruik gemaak word nie.
(f) Pryse sal vir beste inskrywings in elke afdeling uitgeloof word.



H. Coetzee (Voors. A.B.K.K.)

Pukke ons weet dat ons fotofrawe, skilders, beeldhouers, skrywers, digters en komponiste in ons midde het. Maak dus van hierdie geleentheid gebruik om te toon waartoe u instaat is. U medewerking om van hierdie fees 'n sukses te maak word vriendelik gevra. Ons weet ons kan op u staatmaak en vertrou. U het 'n lang vakansie voor waarin u alles gereed kan kry, daarom bring ons dit spesiaal nou al onder u aandag. Wys dus waartoe u instaat is, en u gaan ons sekerlik nie teleurstel nie.

As u miskien enige moeilikheid het of nog meer besonderhede verlang, kom dan verseker na die voorsitter van die A.B.K.K. toe en hy sal probeer om u te help sover dit in sy vermoë is.

Byvoorbaat ons hartlike dank vir u samewerking.

Hennie Coetzee.
(Voors. A.B.K.K.).

# Die JEUG op die drumpel van die WERKLIKHEID.

„Ons jeug moet werklikheidsmense wees en nugter die lewe binnetree, maar ook die ligte kant van die lewe kan waardeer", het dr. S. C. W. Duvenage op Donderdagaand 14 Junie voor Korps Veritas Vincet verklaar. Dr. Duvenage se rede het gegaan oor „Die Jeug op die drumpel van die werklikheid."

Spreker het begin deur aan te dui dat die eerste groot beslissing in die lewe van die jongmens kom wanneer die skoolloopbaan agter die rug is en 'n ander lewe ingeslaan moet word. Hierdie oorgangsperiode waarby die jeug nog nie tot ontwikkeling en ontplooiing gekom het nie, is een van die moeilikste periodes. Hier is die derde milieu waarin die jongmens gevorm word vir die praktyk van die latere lewe. Die huisgesin is tewens die eerste en die skool die tweede. Die volgende groepe word aangetref:

1) Diegene wat na 'n hoër onderwysinrigting gaan om hulle te bekwaam,
2) Diegene wat een of ander vakleerlingskap begin,
3) Diegene wat een of ander beroep gaan uitoefen, bv. klerk.

**EUROPESE JEUG.**

Die afgelope oorlog het op die kindergemoed in Europa hewiger ingewerk, as op die jeug by ons. Hulle, wat nou die jeug van vandag vorm, het die angs beleef van die werklike verwoesting. Hierdie jeug word getipeer as 'n geslag sonder ideale, gedeïssoleerd, vreugdeloos, na aan geestelike bankrotskap. Ons hier in Suid-Afrika is nie so deurtrek met die gevoel van hulpeloosheid en somberheid deur die verbysterende effekte van die oorlog nie, maar die wyer invloed van hierdie vreeslike gevolge van die oorlog is tog ook hier gevoel.

**AGTERGROND.**

Die natuurlike ankerplek en geestelike houvas van menige jongmens voor die oorlog was die huislike lewe. Na die oorlog is die taak van die opvoeding nou deur die ouer na die skool verwys. Van die skool in ons land met sy neutrale onderwysstelsel kan egter geen verrassende vrugte verwag word nie, het spreker gesê, want dit het die opvoeding opgeoffer aan die onderwys en ontwikkel alleen die intellek van die kind.

**ONTMOETING MET WERKLIKHEID.**

Die ontmoeting met die werklikheid in die derde milieu kom by die meeste met 'n skok. Die leiding van die ouers word nou ontbeer en sommige volg selfs die vreemde slaafs na. Die jeug wat die sterkste opvoeding in die eerste en tweede milieu gehad het kan hom hier die maklikste handhaaf en die sterkste staan in die praktyk van die lewe en werklikheid.

Spreker het aangetoon dat verskillende invloede nou op die jeug inwerk:

(i) Liberalisme
(ii) Materialisme.
(iii) Humanisme.

Vele jeugdiges het egter hulle ongeskondenheid en eergevoel behou, en hulle behoud het in die volgende faktore gelê:

(i) Die band aan die huis
(ii) Die band aan die maatskappy.
(iii) Die band aan die volk.
(iv) Die band aan die kerk.

Ten slotte het dr. Duvenage verklaar dat ons meer positief ingestel moet wees op die moeilikhede van die jeug. Ons moet ook terugkeer tot die eenvoudige benadering wat die Woord van God ons bied. Dan sien ons dat daar **een geweldige wapen** is wat die jeug van die wêreld en die Afrikaanse jeug skei, en dit is die magtige Doopwapen. **Van onvaste mensekinders word hierdeur Koningskinders gemaak, oorwinnaars in Christus.**

# V.V.O wen Vodkatoetswedstryd !

## *Russe kom om in drukke stormloop!*

(Deur die spesiale verteenwoordiger van die Askalon Mirror)

Die lustrumlike vodka-toetswedstryd tussen die V.V.O. en Rusland is onlangs afgespeel op die ysvelde anderkant Vladivostok. Aangesien die Russe hulle op die laaste oomblik aan die wedstryd onttrek het, het die V.V.O. vir die eerste keer in die historie met twee beurte gewen.

Die reuse skare van vyf-en-twintig, skeidsregter en spelers ingesluit, was doodstil toe die Goewerneur-Generaal van Siberië, **Sirofski Tjaartanin Waltilof**, S.R., T.S.V., A.S.B., S.S., aan die spanne voorgestel is.

Kort hierna het die wedstryd 'n aanvang geneem toe die eerste vodka bottel geboul is. Die openingskolfsman van die V.V.O., **HENRICO COETZO**, het die kolf weggegooi, die bottel oopgemaak en vinnig na sy mond gebring. Die prop het egter die paaltjies laat kantel en hy moes sonder 'n slukkie na die pawiljoen terugkeer.

NICOLA FOURJEE, die V.V.O. se tweede kolfsman, het dêtien bottels weggeslaan voordat hy met 'n geritsluiterde sirkustent op die grens uitgevang is.

Die Russe het lou lawa gespoeg, en as gevolg hiervan moes drie van die V.V.O. se volgende kolfmanne, **PETER SMITH, LUKE BLACK** en **VOSSIUS VENTERIUS**, in 'n yskas geplaas word.

Die held van die dag, **BREVIS STONEUS**, het nou die strydperk betree. Hierdie knap kolfsman het sjes-en-sjestag bottels leeggemaak en oor die grens gemoker voordat die skeidsregter hom gediskwalifiseer het omdat hy 'n bysbôlbêt in plaas van 'n krieketkolf gebruik het.

Sy tweelingbroer, **LONGUS STONEUS**, is van die veld af gejaag omdat die Russe strenge segregagiste is.

Die volgende V.V.O. kolfsman, **RASJE SMITJE**, het so 'n geweldige hou geslaan, dat hy met ;bottel', kolf en al in die bloute verdwyn het.

**POL BROWN** moes nou vir die V.V.O. optree, maar hy is tydens 'n storm anderkant die magtige Wasgoedspruit vasgekeer en kon nie teenwoordig wees nie.

**DIRKASSIE**, die span se **POSMAN** het in sy plek voor die paaltjies stelling ingeneem. Hy is egter onverwags uitgeboul toe hy vinnig na Thaba Jâh se hek toe geloer het.

Die volgende kolfsman, oftewel kolfsvrou, **BETTIE GEERTSEPA**, het die kolf in die hande geneem. Dit was egter 'n koekroller, en die skeidsregter het gillend van die veld af gestorm, en ge-eis dat die twaalfde man in haar plek optree;

**CECIL SMUTS**, ook bekend as Jannie Rhodes, het dus opgestap. Sy is egter weens politieke redes gediskwalifiseer.

Die laaste lid van die V.V.O. span het nou na vore getree, nl. **MARIé PLESIE.** By aanskoue van so 'n skoonheid wat al dansende die veld betree (sy het die bekende sabeldans uitgevoer), het daar so 'n stormloop plaasgevind dat teveel Russiese spelers beseer is, en Rusland moes hom gevolglik aan die wedstryd onttrek.

---

## Oor mense en dingesse en ander goeters...

KAPT. PUT DICKER, adjudant-offisier van die regiment „WILDE EENDSKIETERS", het onlangs van maneuvers af teruggekeer. 'n Wilde eend het hom aan sy voorvinger gebyt in die proses.

KOSHUISVADER WARIE VAN DER ALT keer gereeld elke naweek terug van PARYS waar hy nie gaan visvang nie.

STOEIER V.D. MERWE het hom onttrek van die rofstoeikryt. Rofstoei is te rof na sy senuwees se sin. Hy lê hom nou toe op RUSBANK-STOEI.

MOTOR-BESTUURDER HOOS KENDRIKS het 'n betrekking aanvaar as bestuurder van SLEEP-AKTIWITEITE by die plaaslike VERPLEEGSTERS-TEHUIS.

SENIORITA MARIETA word nog steeds opgemerk in die SENIOR CHAMPION se geselskap. Sy het glo die betrekking aanvaar as sy voltydse BESTUURDERES- (van die huishouding).

STUDENT JEE, BEE het die prys vir die beste gehalte DONS verower op 'n onlangse TENTOONSTELLING. Dons is glo in aanvraag gedurende die winter.

## Alle eensames . . . 'n uitnodiging om tweesaam te word.

Indien u eensaam is, hier is u kans om nou gelukkige winterure deur te bring. Ons verseker u van slegs die beste kwaliteit en die . . . oulikste. Deur 'n briefie aan die organiseerder te rig, kan u verseker wees van onmiddelike en perfekte diens. Rig al u aansoeke aan JANTJIE, DE KLERKHUIS.

Die volgendes het alreeds Amptelik aansoek gedoen en alle belangstellende persone kan aan hulle per adres Jantjie skryf.

LIESBET OP GEERTSEMA

'n Aantreklike jong dame met 'n krulkoppie en verder is sy net . . . . oe la la! Sy is nog maar 19 jaar oud en wil met 'n man korrespondeer wat iets behalwe kultuursspronge kan doen.

HANNETJIE VAN „DIE BOS"

'n Aanwins vir enige man wat wil trou. Sy wil nie haar ouderdom verstrek nie, maar te oordeel aan haar stappie, is sy nog tussen 20 en 30.

RINA VAN SKIETKUIL.

'n Praktige model van 1935 en in puik kondisie. Genoeg om enige man deur haar skrif alleen te vang . . . . vergeet nie haar mondelike handelinge . . . .

ESTER VAN SWARTLAND

'n Welopgeleide enetjie wat weet wat om te sê en te doen sonder om snaaks te wees. Haar koperkrulle skitter sonder behulp van die apteker en sy is 'n eksie-perfeksie 1935 model.

LUCKY DIP . . . .

Geen beskrywing is vir haar nodig nie want sy sal enige iemand "lucky" laat voel.

JANET VAN „DIE WOUD"

'n Dierbare ongekunstelde kind van die veld. Sy is ook net 19 en baie beskeie . . . . en skaam. Gebruik takt en u het 'n vriendin duisend.

Aan almal wat nog soek, ons hoop u vind deur Jantjie, by ons slegs die beste.

---

**DIE BULT**
**Algemene Handelaar**
**Von Wiellighstraat 20,**
**VIR ALLE**
**KRUIDENIERSWARE, SIGARETTE, ens. HARDEWARE,**

## Die „July-Handicap"

deur Konyntjie.

Die volgende is die koppeltote oftewel die kyspotensialiteite vir die komende „July-Handicap" of vakansie:

**Lien Fivaz: Eienaar:** „Die man wat weet"; weddenskappe: 9 teen 1; moontlike wedders: Alwyn du Plessis, Chris Coetzee, Dawid de Villiers; moontlike plek: eerste plek.

**Hannetjie v.d. Walt:** eienaar: Anoniem van Middelburg; weddenskappe: 20 teen 5; moontlike wedders: Kort Stoney; Andries Myburg; moontlike plek: vyfde.

**Rina Schutte:** eienaar: die Skim; weddenskappe: 6 teen 0; moontlike wedders: Idyll v.d. Walt, At Engelbrecht, Amie Venter; moontlike plek: miskien een van die eerste drie.

**Lenie de Beer:** voormalige eienaar: Louw van Wyk; weddenskappe: 1 teen 10; moontlike wedders: Piet Riekert, J. B. du Plessis; moontlike plek: kan miskien 'n plek kry.

**Schalk Buys: eienares: Hendrina v. d. Walt;** weddenskappe: 5 teen 5; moontlike wedders: Marie Rautenbach, Sarie Grobler, Lucia Raubenheimer; moontlike plek: derde laaste.

**Doppies le Roux:** eienares: Leonora Malan; weddenskappe: 1 teen 0; moontlike wedders: Jeanette Fokkens, Cecile Smit; moontlike plek: as hy die wenpaal haal sal hy 'n plek kry.

---

**DIE BULT FIETS- en SKOENREPARASIE-WINKEL**
**LANGS WELKOM-KAFEE.**
**Besoek ons vir betroubare werk en spoed!**
**FIETSE, SKOENE en FIETSONDERDELE.**

---

**PRO REGE-PERS Boekhandel**
en
**Antikwariaat.**
**vir al u**
**Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.**
**Kerkstraat 59 — Telefoon 1164**

# Dames=Hokkie

## verower

# TWEE BEKERS

Op die Wes-Transvaalse hokkie-dag het die twee P.U. dameshokkiespanne hulle baie goed van hulle taak gekwyt. Die eerste span se middelvoor, Jo Schoeman is gekies vir Wes-Transvaal.

Die eerste span het skitterend vertoon en gespeel. Hulle het weereens die beker verower, wat vir die span met die mooiste spel, gees en voorkoms uitgeloof word.

Die hoogtepunt van die dag was die eerste span se verowering van die beker vir die wenners van die dag. Hulle deel die beker met K.A.A.A.(I). Dit is die tweede keer dat die beker deur Puk verower word sedert 1924.

## Die Benoudes.

Alhoewel die Benoudes eerste liga gespeel het, het hulle goed gevaar. Veral die voorlyn het goed gespeel en telkens deurgebreek. Twee doele is aangeteken deur Marina Scheepers en Erna Erasmus onderskeidelik.

Die agterlyn het nie so goed vertoon nie en kon nie die bal wegkry nie.




„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER
STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"

Kopiereg RA136 XZZ


# WITS in eie munt terugbetaal.

**Theos het deeglik weerwraak geneem vir hulle nederlaag van 14 — 11 verlede jaar, deur Wits te klop met 15 — 6 in die finale Noordelike Universiteite proefwedstryd.**

Alhoewel Wits sonder die dienste van Joe Kaminer, haker Rosenberg en hulle twee Springbokke, Ulyate en Wilf Rosenberg, moes klaarkom, het hulle 'n goeie vertoning gelewer. Theos het daarenteen een van die beste wedstryde van die afgelope paar jaar gespeel en het deurgaans die toon aangegee. Lang Stoney het soos gewoonlik skitterend gespeel en was oral op die veld. Hy is goed ondersteun deur Rooi Bekker, wat 'n waardige opvolger vir Dick Putter is, en De Lange. Wynand Putter het goed gehaak en die paar keer wat Wits die bal gekry het, is Rademan so lastig geval deur At Engelbrecht en Ferdie van Zyl dat Wits omtrent nooit 'n agterlynbeweging kon op tou sit nie. Billy Duvenhage en Cecil Harrington het goed gekombineer en Hennie v.d. Walt en John Warmhoven het albei goed verdedig en aangeval. Die vleuels, Nokkels en Blom, het die bal gereeld gekry en het duidelik gewys wat in hulle steek. Blom het een keer die doellyn gehaal, en as dit nie vir die knap verdediging van Espach, Cathral en Cozyn was nie, sou die telling besmoontlik baie groter gewees het.

Altesaam is Nokkels en Blom 8 keer by die hoekvlag uitgeslinger of duime van Wits se doellyn neergetrek. Erasmus het sy gewone veilige spel op heelagter gelewer — hy talm net party keer te lank voor hy skop.

Die punte is soos volg aangeteken: Na 20 min. slaag Stoney met 'n strafskop. (3—0) Direk hierna gaan Blom in die hoek oor (6—0). Wits val nou benoud aan en kry 'n strafskop vlak voor die pale. Brown maak nie 'n fout nie (6—3). Theos val nou weer kwaai aan maar Cozyn bring twee keer verligting met lang buiteskoppe. Net voor halftyd word Nokkels en toe weer Blom op Wits se doellyn gestuit. Na rustyd slaag Cecil met 'n skepskop (9—3). Puk val nou weer kwaai aan en Lang Stoney sit 'n skepskop oor (12—3). Wits kry 'n strafskop en Brown se skop is weer suiwer, (12—6). Kort voor die einde breek Cecil mooi en Lang Stoney druk in die hoek, (15—6).

### NAVY

In 'n harde wedstryd, waarin kwaai verdedig is, het die wits 'n welverdiende oorwinning van 8—0 te behaal.

Die skopwerk van die Navy in hierdie wedstryd was baie teleurstellend — veral die paar maklike strafskoppe wat verbrou is. Ongelukkig kon Navy se gewillige agterlyn nie veel uitrig nie en kon Dick Hauptfleisch en Dick Putter mekaar nie mooi kon vind nie. Christo Steyn, Stoney, Pierre Maritz, Hennie v.d. Walt, Dippies en Peet Coetzee was die uitblinkers. Vir Wits het veral J. van Rensburg (losskakel) en Worssemius (flank) uitgeblink.

### O.19A.

Wits het hier die bordjies verhang en 12—9 gewen. Hulle punte het gekom van Clough ('n strafskop), Swan (skepskop), Stevens ('n drie) en Mc Cusker ('n drie). Vir Puk het Kerrie Kruger goed gespeel en al die punte behaal met 'n drie, 'n skepskop en 'n strafskop. Visser was die uitblinker in hierdie wedstryd en hy het telkens die oog gevang met sy goeie verdediging.

### PUKKE IN NOORDELIKE UNIVERSITEITE-SPAN

Die volgende Pukke is gekies om die Noordelike Universiteite te verteenwoordig op die Inter-Universitêre Toernooi wat van 9—14 Julie in Durban gehou word: Nokkels Fourie, Rooi Bekker, De Lange en Lang Stoney, wat ook as kaptein aangewys is. Harrington is gekies as reisende reserwe.

## Korfbal presteer.

Op die 31ste Mei is die jaarlikse Wes-Transvaalse korfbaldag gehou.

Die Pukdames het besonder goed vertoon en vier speelsters is vir Wes-Transvaal gekies: Stefanie du Plooy, Ansa Bingle, Betsie Kruger en Ria Kruger.

Stefanie du Plooy is vir die tweede agtereenvolgende jaar gekies vir Wes-Transvaal.

## Manshokkie.

Piet van Wyk en Horst Wiese is gekies vir die Wes-Transvaalse hokkiespan. Verder is dieselfde twee spelers ook gekies om vir Potchefstroom Gekombineerd A teen Klerksdorp Gekombineerd A te speel. In die Potchefstroom B span is Hessel Dijkstra, Ben Potgieter en Rosser White ingesluit.

## Sport uitslae.

**RUGBY:**

Theos 3 Strathvaal 9.
Navy 0 Strathvaal 9.
O.19 31 Strathvaal 0.
Fires 0 Koöperasie 27.
Tekkies 6 O.19B. 3.

**MANSHOKKIE:**

**1e Span.**
P.U. 2 Garnisoen 2.
P.U. 0 Normaal 1.

**2e Span.**
P.U. 1 Viljoenskroon 3.
P.U. 0 Garnisoen 0.
P.U. 1 Normaal 0.

**3e Span.**
P.U. 0 Viljoenskroon 6
P.U. 1 Dorp 2.